# Die Byekorf

2017/09/06 Standerton Akademie

29/18

Geagte Ouers,

**Kleuterskool Ultstappie**

Sterkte aan al ons kleuterskool leerlinge wat môre, 7 September, op hul uitstappie gaan na Carnival Square in Secunda. Die bus vertrek 08:00 vanaf die skool en sal ongeveer 12:15 terug wees. Ouers moet toesien dat die kinders kort klere aan trek, maar nog iets warms bysit vir die oggend. Kinders moet asseblief 'n sak saambring waarin die klere en skoene gebêre kan word wanneer hulle speel. Elke kind word voorsien van 'n kospakkie. Ouers, u hoef regtig nie iets saam te stuur nie. Dankie aan die personeel wat toesig hou oor die kinders.

**Boomplantdag: 8 September 2017**

Eerskomende Vrydag bied die skool die boomplantdag program aan alle leerlinge. Leerling word versoek om met gewone klere skool toe te kom. Tydens die oggend sal daar 'n kompetisie aangebied word vir die leerling met die beste "groen hoed" op sy kop (geen uitgawes asseblief). Mev Human sal 'n program met die kinders doen t.o.v. die aanplant en versorging van bome waarna die kleuterskool en die laerskool nuwe bome op die terrein sal aanplant. Na afloop van ons muntlegging ontvang elke leerling ook 'n roomys (Die muntlegging se geld word aangewend vir die roomyse asook die bome).

**Inligtingsdag**

Baie dankie aan al die ouers wat ons van name voorsien het van moontlike nuwe leerlinge vir ons skool vir 2018. Die terugvoer wat ons ontvang het na afloop van ons program was baie positief. Baie dankie aan Karen van der Linde en Elizna Griesel met die moeite met die inligtingspakkies.









**Koekverkoping**

Baie dankie aan al ons ouers wat ons ondersteun het met die koekverkoping. Danksy julle was die dag 'n reuse sukses.

**Fotodag : 14 September 2017**

Ouers word herinner dat ons jaarlikse fotodag plaasvind op 14 September 2017. Alle akademiese, sport en kultuur foto's word op hierdie dag geneem. U moet asseblief toesien dat die kinders al die korrekte kleredrag saambring. Ouers wie foto's saam met hul kinders wil neem is welkom om die dag ook by te woon. Let wel, hierdie foto's word na afloop van al die leerling foto's geneem.

**SANESA Perdry**

Baie geluk aan Danje, FJ en Elrie met hul puik prestasies die afgelope naweek in Parys.  Die skool is BAIE trots op hierdie drie perderuiters.

| Elrie Lötz (Level 0) | | FJ Lötz (Level 0) | | Danje Pretorius (Level 4): Individueel | |
|---|---|---|---|---|---|
| In Hand | 4de | Stap Draf Performance Uitdun | 1ste | Driegang Performance | 2de |
| Stap Equittion | 1ste | Stap Draf Equitation Uitdun | 1ste | Driegang Equitation | 3de |
| Stap Performance | 1ste | Stap Draf Performance Finaal | 1ste | In Hand | 3de |
| | | Stap Draf Equitation | 2de | | |



**Spanverband**

| | | |
|---|---|---|
| Driegang | : | 2de |
| Driegang Equitation | : | 3de |
| In Hand | : | 3de |



**Tennis**

Baie geluk aan Anke en Lianné met hul uitslae die afgelope naweek in Secunda.  Ons is trots op julle.

**Musiek Pret: Noot vir noot aand :  21 Oktober 2017 om 18:00**

Kaartjies is nou beskikbaar teen R200 per persoon in die kantoor of by die onderskeie gasvrouens.  Ouers ondersteun asseblief hierdie projek aangesien dit beloof om 'n aand van groot pret en ontspanning te wees.

**Entrepreneursdag :  20 Oktober 2017**

Leerlinge kan vanaf Maandag hul stalletjies by Juffrou Marilize kom bespreek.

**Radikale Redenaars / Mpumalanga Landloop**

Sterkte aan Beandri wat hierdie naweek buiteskoolverband deelneem aan nie net die redenaars in Nelspruit maar ook die landloop in Witrivier.  Ons kan nie wag om te hoor hoe dit met jou gegaan het nie!

**Prysuitdeling :  2 November 2017**

Neem kennis dat die jaarlikse prysuitdeling vir die kleuterskool en laerskool aangebied word in on skoolsaal op 2 November. U sal eersdaags meer inligting ontvang.  Leerlinge wat nog steeds in besit is van trofees moet die trofees voor die einde van die week inhandig.

Alle buiteskoolverband toekennings (bekers en medaljes) moet na Mev. Swanepoel gestuur word.

## DANS .............?!X()**^^&%%$#@:  11 NOVEMBER 2017

**Hou hierdie spasie dop!!**

**Standerton Akademie Sport- en rugsakke**

Bestellings kan vanaf vandag by Daleen en Marinda geplaas word vir Standerton Akademie toerusting.  Hierdie sakke word na betaling op bestelling geplaas teen R280 per rugby sak en R160 per rugsak  (Sien foto)



**Verjaarsdae**

Baie geluk aan al ons leerlinge, ouers en onderwysers wat vanaf 4 September – 12 September verjaar. Mag die Here u seën. 'n Besondere woord van geluk aan Mnr Gert Koch, voorsitter van ons Opvoedkundige Raad. Mag jy en jou gesin jou 34ste verjaarsdag terdeë geniet!

| Leerlinge | Ouers en Onderwysers |
|---|---|
| 9 September : Duan Burger | 04 September : Desi Pretorius<br>06 September : Ricus Eloff<br>08 September : Gert Koch |



Hoedjies te koop teen R50 elk.

**Belangrike datums ( Volledige lys datums by kalender op D6)**

GROETE

S. Swanepoel